

**Donderdag 28 Desember**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 2:1-7**

**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 2:5, 6**

**Bid tot God op grond van die werk van Jesus dat alle mense tot geloof moet kom**

Was die afgelope Kersfees 'n fees van Christus as die enigste Middelaar tussen God en mens? Of was dit 'n fees van die verbruikerskultuur waar die mens sy waarde meet in die aantal geskenke wat hy ontvang of gee? Wat kan u daaraan doen dat Christus as die enigste Middelaar tussen God en mens erken en eerbiedig word?

U word opgeroep om daarvoor te bid. In Paulus se pastorale brief aan Timoteus gee hy onderrig oor die gebed en roep alle gelowiges op om te bid vir die verlossing van alle mense en dat hulle tot die volle waarheid moet kom. Hy dring baie sterk daarop aan dat die gelowigs moet bid. U gebed moet almal insluit, en niemand uitsluit nie, selfs nie eers korrupte regerings en leiers nie.

Hy begrond sy oproep tot gebed in die feit dat daar net een God is (vgl. Deut. 6:4) en net een Middelaar tussen God en mens. Dit is Jesus Christus wat mens geword het en homself as losprys geoffer het vir almal.

God wil dat almal tot geloof moet kom. Daarom moet daar gebid word vir regerings sodat almal 'n stil lewe kan lei in toewyding aan God. Wanneer die gelowiges leef in toewyding aan God in alle eerbaarheid onder leiding van die Heilige Gees, sal hulle deur woord en daad die evangelië uitdra.

Bid in gehoorsaamheid tot God en sluit almal in. So sal die kerk van die Here in die volgende jaar groei tot lof van sy heerlikheid en u gebed sal Hom verheerlik.

*Sing: Skrifberyming 15-1:1, 3*

*Prof. SJ (Sarel) van der Merwe (Emeritus)*